


# Die Kaapstadse Orkes word Mondig



EN-EN-TWINTIG jaar — jare van reën en sonskyn, van baie meer reën as sonskyn, jare van 'n leeftyd wat gedurig bedreig is met die dood, jare van strewende en goetdoen wat selde of ooit erken is, jare vol van „ondank is die wêreld se loon.”

Hoe goed onthou ek nog daardie voorbereiding vir die geboorte van die orkes; dae en weke voor die geboorte was die koe-rante in die stad vol van die koms van die nuwe seun van die stad. Almal het hom toegejuig as „ons eie orkes.” Eindelik het

DEUR

C. H. W.

wat alhier gestasioneer was in 1913 aan Suid-Afrika onttrek is. Hierdie Imperiale troepemag het sy musiekkorpse gehad, wat dikwels hier opgetree en sodoende enigsins voorsien het in die algemene behoefte aan goeie musiek. Met die verskuiwing van die troepe het ook hierdie musiekkorpse verdwyn. Die stadsraad het dadelik gevoel dat hy iets in die plek van hierdie korpse sou moet stel. Na heelwat bespreking is daar toe 'n kommissie aangestel om verslag uit te bring oor die stigting van 'n munisipale orkes. Nadat hierdie kommissie heelwat gewik en geweeg het, altyd met die oog op finansies natuurlik, het hy besluit dat dit goed sou wees om 'n orkes in die lewe te roep, maar een wat in die begin altemal voldoende sou wees as hy as volg opgestel word:

Dirigent, leier, drie eerste viole, twee tweede viole, een alt, twee tjello's, een bas, twee klarinette, twee kornette, een skuiftrompet, een tamboer, een hobo en een fagot. Agtien spelers was dus genoeg vir 'n orkes vir die stad Kaapstad. Daar is dadelik applikasies gevra vir 'n dirigent, en mnr. Theo Wendt is aangestel as die eerste dirigent van die Munisipale Orkes van die Stad Kaapstad.

Mnr. Wendt het dadelik besef dat so 'n klein orkest nie baie kon beteken nie en hy het alle pogings aangewend om die stadsraad te beweeg om die getal tot dertig te versterk. Hiermee het die stadsraad ingestem.

Die moeilikheid het toe bestaan om spelers vir 'n eerste klas orkes te kry. Applikasies is gevra, dog slegs agtien van die dertig spelers kon in hierdie land gevind word. As ons daaraan dink dat daar nooit geleentheid in ons land was vir mense om as spelers in 'n orkes opgelei te word nie, dan kan ons dit as 'n groot prestasie beskou dat soveel spelers hier gevind kon word.

Die orkes is eindelijk gestig, alles was in orde en die eerste uitvoering het op 28 Februarie 1914 in die stadsaal plaasgevind. Al spoedig het dit duidelik geword dat die orkes 'n groot leemte aangevul het. Skaars was hy drie maande oud of hy onderneem 'n reis deur die land. Op die reis is ag-en-dertig stede en dorpe besoek en sestig konserte in 'n tydperk van nege weke gehou.

Ongelukkig was die geboortjaar van die orkes nie gelukkig gekies nie. Toe hy van sy reis in Kaapstad terugkom, het die wêreldoorlog reeds begin, en selfs die orkes kon die onregstreekse gevolge daarvan nie ontkom nie. Die planne wat die stadsraad gehad het om nuwe konsertplekke op te rig en reeds bestaandes te verbeter, kon nie uitgevoer word nie. Alles wat 'n mens gesien of gehoor het, was oorlog, oorlog, oorlog. Die rekruteergoggas wat met Jan Tuisbly se kar na die oorlog gegaan en heeldag op die hoeke van die strate die mense aangespoor het om te gaan veg, het gesorg dat die lede van die orkes ook ingetrek word.

Daar is toe van die lede van die orkes na die front, en Kaapstad moes maar tevrede wees met die stukkie orkes. Een van die lede, 'n veelbelowende tjello-speler van wie so baie verwag is, het nie teruggekeer nie. Maar genoeg hiervan.


Reeds toe het dit al gelyk of die pasgebore kindjie maar 'n vroeë dood sou sterf. Mnr. Wendt en sy manskappe het egter volgehou; aan vernuf het dit nie ontbreek nie, en mnr. Wendt het die stadsraad sover gekry om in te stem om die stadsaal een aand per week af te staan. Dit is toegestaan, en so het die beroemde simfoniekonserte Donderdagaande tot stand gekom.

Daar is gemiddeld driehonderd konserte per jaar gehou, maar weens die geringe toegangsprijs wat destyds gevra is, was die orkes toe reeds nie betalend nie. In 1919 het die orkes ander-

maal 'n kunsreis aanvaar, en dis by sulke geleenthede, wanneer Kaapstad sonder 'n orkes is, dat 'n mens besef wat dit sou beteken as hy sy orkes moet verloor.

1920 was 'n jaar van spanning. Die tekort was groter as ooit tevore en die pragtige Donderdagaandkonserte moes gestaak word. Toe was alles in rep en roer. Selfs Kaapstad het wakker geskrik. Daar het 'n hewige protes opgegaan. Die koerante het daarteen geskryf. Verhoë is deur vooraanstaande mense tot die stadsraad gerig, en dit was nie lank voordat die Donderdagaandkonserte weer deel van die werksaamhede van die orkes geword het nie. Maar alles was nog nie pluus nie. Mnr. Wendt het ook al seker begin voel dat dit werklik nie altyd aangenaam is om stroomop te swem nie. Juis op hierdie kritieke tydperk kom die Universiteit van Johannesburg en bied mnr. Wendt 'n professoraat in musiek aan, 'n aanbod wat hy aangeneem het. Dit was op hierdie tydstip dat die Publisiteitsvereniging in die bres gespring en besluit het om die bestuur van die orkes op hom te neem. Mnr. Wendt het reeds na Johannesburg vertrek. Hy is gesoebat om terug te kom, en met die toestemming van die Universiteit van Johannesburg het hy teruggekeer.

Sake het toe vir 'n rukkie vlot gegaan. In 1921 het die orkes weer op toer gegaan, en 1922 was finansiële een van die beste jare wat die orkes ooit ondervind het. In hierdie jaar het die orkes twee maal op toer gegaan, maar die tweede reis was geldelik 'n hopelose mislukking. In 1923 het sake so skeef geloop dat daar selfs gepraat is van afdanking van sommige van die orkeslede.



'n Karikatuur van mnr. Theo. Wendt deur Boonzaier.

die heuglike dag ook aangebreek en Kaapstad het sy eie orkes gehad. En dadelik by sy geboorte moes hy werk soos 'n uitgegroeide seun.

Ek sal nooit daardie eerste optrede van die orkes vergeet nie. Reeds lank voor die tyd het ek ook my sitplek bespreek, en daar, in 'n stampvolle stadsaal, op die aand van 28 Februarie 1914, het die orkes sy eerste program uitgevoer. Elkeen kon met 'n oogopslag sien dat die orkes daarop uit was om aan Kaapstad te gee wat hy nog nooit gehad het nie. Die eerste program was in alle opsigte 'n prestasie. Hy is uiters sorgvuldig gekies, veral om aan die uiteenlopende smaak van almal te voldoen. 'n Orkes wat by sy eerste optrede 'n program van hierdie aard kon uitvoer, was inderdaad 'n orkes wat sy ontstaan regverdig het. Ek laat die eerste program hier volg:

1. Ouverture tot „Die Meestersingers van Neurenberg.” — R. Wagner.
2. Onvoltooide Simfonie. — Franz Schubert.
3. Welsh Rhapsody. — E. German.
4. Ouverture tot „Die Vrolike Vroue van Windsor.” — O. Nicolai.
5. Twee Dele uit die Liriese Reeks: Op. 54 (3) Nocturne, (1) Mars van die Dwerge. — E. Grieg.
6. (a) Praeludium. — A. Jarnfelt.  
(b) Valse „Triste. — J. Sibelius.
7. Twee Hongaarse Danse. — J. Brahms.
8. Seleksie: „The Arcadians” — L. Moncton en H. Talbot.
9. Wals: „Toujours ou Jamais” — E. Waldteufel.
10. Mars: „Lorraine” — L. Ganne.

Die ontstaan van die orkes is miskien grootliks te danke aan die feit dat die Imperiale troepe



Mnr. William J. Pickerill, dirigent van die Kaapstadse orkes.

So het die jare verbygesnel. Mnr. Wendt het later bedank en mnr. Leslie Heward is as dirigent aangestel. Die stadsraad het weer die orkes oorgeneem, en die jare van sonskyn en reën het verbygevlug. Mnr. Heward was maar 'n kort tydjie hier, en nadat hy bedank het, is mnr. Pickerill, onder-dirigent, komponis en fagotspeler en een van die eerste lede van die orkes, as dirigent aangestel.

Mnr. Pickerill is 'n egte optimis. Etlike male gedurende sy bevelvoering het dit gelyk of die orkes sou moet verdwyn, maar hy het nooit aan s' iets geglo nie. Hy weet Kaapstad kan en durf nie weer sonder 'n orkes wees nie, en daarbenevens werk hy en sy buitengewoon knap sekretaresse, mej. Mackay, soos esels om die orkes so betalend moontlik te maak.

(Vervolg op bladsy 55.)

## DIE KAAPSTADSE ORKES WORD MONDIG

*(Vervolg van bladsy 31.)*

Maar daar is ook die getroue en lojale lede van die orkes. Hoe moeilik moet dit nie vir hulle wees om so dikwels met 'n Democles-swaard oor die hoof te speel nie? Hulle het egter volgehou, hulle het altyd moed gehou, en selfs verlede jaar toe daar skielik 'n bom vanuit die bloue hemel geval het — 'n bom wat groot skade aan die orkes kon berokken het — die gedagte van 'n nasionale orkes en die verdwyning van die Kaapstadse orkes — selfs toe het mnr. Pickerill en sy manskappe nooit een oomblik getwyfel nie. Hulle het pal gestaan en die gevaar het gou verdwyn — laat ons hoop vir altyd.

Dit sou 'n ramp sowel vir Kaapstad as vir die hele Suid-Afrika gewees het as hierdie orkes op die vooraand van sy een-en-twintigste verjaardag in duie moes geval het. Gelukkig het dit nie gebeur nie. Laat ons hoop dat elke terugslag hom vaster aan die hart van die musiek liefhebbers van Suid-Afrika sal bind. Die Munisipale Orkes van die Stad Kaapstad behoort vandag nie net aan Kaapstad nie. Hy behoort aan die hele land, en al werk hy dan op 'n verlies, moet die stadsraad tog besef dat hy op kulturele gebied van onskatbare waarde vir die hele land is. Dit alleen is iets waarop Kaapstad meer as trots kan wees.

So het ons eie orkes deur 'n lang tydperk van „Sturm und Drang” geworstel om te bestaan. 'n Mens vra jouself af of so iets nog moontlik is in hierdie verligte eeu van ons? Is so iets moontlik dat 'n liggaam wat in die lewe geroep is om ons op kulturele gebied op te hef, steeds om 'n bestaan moet swoeg? Wat sal dit vandag vir Kaapstad beteken en vir die hele land beteken as die orkes in duie moet val? Wat 'n leemte sal daar vir plattelandse inluisteraars wees as die orkes nie meer uitsaal nie? Kaapstad sonder sy orkes sal nie meer Kaapstad wees nie. Daar word gedurig gekla oor die kolossale bedrag wat daar aan die orkes bestee word: belastingbetalers kla, raadslede kla, almal kla en vra waarom ons moet

voortgaan met 'n onderneming wat die stadsraad jaarliks van £10,000 tot £14,000 kos. Is dit die moeite werd?

Het die handelaars al daaraan gedink hoeveel ouers hul kinders na die Universiteit van Kaapstad of ook na die Kollege van Musiek hier stuur omdat Kaapstad 'n orkes het? Het hulle al ooit daaraan gedink hoeveel daardie seuns en dogters hulle jaarliks in die sak bring? Ons het vanjaar weer 'n rekord-jaar vir besoekers in Kaapstad gehad. Mense het by die duisende hierheen gekom en geld hier gespandeer. Ek weet van tientalle mense wat voorheen na ander kushawens gegaan het vir hul vakansies, maar wat tans na Kaapstad kom omdat Kaapstad 'n orkes het. As slegs tien persent van die besoekers na Kaapstad kom omdat hier 'n orkes is, dan is dit die moeite werd.

As hierdie uitgawe van *Die Huisgenoot* verskyn, is die orkes reeds besig om sy mondigwording te vier. 'n Uitgebreide program is opgestel vir die viering wat sal duur van 26 Februarie tot 9 Maart — 'n program wat die orkes beslis waardig is.

'n Mens hoor so dikwels aanmerkings omtrent ons orkes en sy dirigent. Die een het dit te sé, die ander dat. Die een breek hier af en die ander vergruis daar. So baie van die praatjies bereik my ore regstreeks en onregstreeks, en in elke geval kan 'n mens nie anders as glimlag as jy hoor van wie die praatjies kom nie. Die persoon wat die orkesuitvoerings gereed bywoon, wat weet wat die orkes doen, wat weet hoe die ywerige dirigent saam met sy personeel werk en swoeg, wat weet watter kulturele waarde die orkes is, is nooit die persoon wat afbreuk aan die orkes doen nie.

'n Mens voel egter dat die onnodig afbrekende kritiek die orkes kwaad doen. Die skuldiges praat van dinge waarvan hulle min weet. As mense soos Bernard Shaw, 'n deeglike musiekkenner en -kritikus (om nie eens van sy ander bekwaamhede te praat nie), as manne soos sir Henry Wood, sir Hugh Allen, Moisevitch en Friedman, om maar 'n paar te noem, met die

grootste lof van ons orkes praat, dan voel 'n mens dat jy in goeie geselskap verkeer. Dit is 'n bekende feit dat die Kaapstadse orkes vir sy grootte een van die beste orkestes in die wêreld is. Dit is 'n feit wat deur talryke mense van oorsee bevestig is.

Laat ons dan ons eie orkes waardeer. Laat ons hom op prys stel en laat ons ons uiterste bes doen om sy lewensbaan so aangenaam moontlik te maak. Dis te hope dat sy voortbestaan nie, nou dat hy mondig geword het, ooit weer soos voorheen bedreig sal word nie. Mag die Munisipale Orkes van die Stad Kaapstad voortleef en voortbestaan, van sukses tot sukses voortgaan tot die groter ontwikkeling op kultuurgebied nie alleen vir Kaapstad nie, maar van die hele land.